

Galasiërs 5:1-12

Valse en ware godsdiens

1 Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.

2 Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. 3 En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. 4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval. 5 Want óns verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop. 6 Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.

7 Julle het goed geloop: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees? 8 Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie. 9 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. 10 Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees.

11 Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgd? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig! 12 Ag, as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink!

Inleidend

Daar is net twee soorte godsdiens in die wêreld. Die een soort maak staat op die mens se eie prestasies om guns by God te wen. Die mens wil in hierdie soort godsdiens met sy eie werke self sy regverdiging by God verdien. Die ander soort godsdiens maak staat op die genade van God om deur God in genade aangeneem te word. In hierdie soort godsdiens steun die mens geheel en al op die volmaakte en voltooide werk van Jesus Christus.

Die godsdiens waarin die mens met sy eie prestasies die guns van God wil wen, is 'n valse godsdiens. Dit is die godsdiens wat die valse leraars voorstaan en verkondig. Die godsdiens wat deur Paulus met die evangelie van God se genade verkondig word, is die ware godsdiens. Inderwaarheid is dit die enigste godsdiens.

In die brief aan die Galasiërs wys die Heilige Gees vir ons radikaal die ware diens aan God van die valse diens aan God verskil. In die eerste twee hoofstukke is daar vir ons aangetoon dat God sy verkondigers van die enigste evangelie self aanstel. En Hy alleen gee die egte verkondiging aan sy verkondigers. Dit is deur God die Vader en Jesus Christus dat Paulus 'n apostel is en dit is deur 'n openbaring van Jesus Christus dat Paulus die evangelie ontvang het. En anders as wat die valse leraars beweer het, stem die evangelie wat Paulus verkondig ooreen met die evangelie wat Petrus, Jakobus en Johannes verkondig.

In die derde en vierde hoofstukke van die brief is daar vanuit die Ou Testament aangetoon dat genade deur die geloof die wyse is waarop God mense nog altyd regverdig verklaar. Hierdie regverdiging deur God alleen op grond van die geloof in Jesus Christus alleen lei daartoe dat die gelowiges wat vrygemaak is van die vloek van die wet 'n verpligting het. In hierdie laaste twee hoofstukke wys Paulus dan op die praktiese gevolge van die regverdiging deur die geloof.

In hierdie eerste twaalf verse gaan Paulus steeds voort met die kontras tussen die egte godsdiens en die valse godsdiens. In hierdie verse word daar gekonsentreer op die uitwerking en die praktiese gevolge van elkeen van hierdie soort godsdienste. Vers 1 dien as 'n inleiding tot die gedeelte. Vanaf vers 2 tot 6 word die kontras aangetoon tussen hulle wat die twee soorte godsdienste beoefen. En in die laaste ses verse word die kontras aangetoon tussen hulle wat die twee soorte godsdiens verkondig.

Die oproep om vas te staan in die vryheid – vers 1

1. Staen dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.

In die konteks van hierdie brief beteken dit dat Christus ons vrygemaak het van die oorheersing van die wet. Christus is die Verlosser. Wedergeboorte en bekering is die daad van verlossing en die Christelike lewe is 'n lewe in die vryheid van die wet.

Die valse leraars het van die wet 'n manier gemaak om jou regverdiging voor God te verdien. Paulus het nou al daarop gewys (Gal 3:10-14) dat die mens nie in staat is

om die wet honderd persent te gehoorsaam nie. Daarom is dit onmoontlik om die wet te onderhou, sodat jy by God kan aanvaarbaar word.

Die Here het nie die wet gegee as 'n manier waarop die mens self sy regverdiging by God kan verdien nie. Die wet was eerder 'n manier om die mens in te perk vanweë sy sondige geaardheid (Gal 3:19, 23). Aangesien die mens nie van nature meer die innerlike krag het om volgens die morele standarde van God te lewe nie, is die wet van buite af op die mens toegepas om sy sondige geaardheid in te perk. Christus het ons van hierdie tronk en bewaarder kom vrymaak.

Hierdie vryheid waarin Christus ons gestel het, is nie vryheid om te maak soos wat ons wil nie. Dit is die valse soort vryheid wat die Satan en die wêreld uitdagend aan ons voorhou. Die vryheid waarin Christus ons stel, is 'n vryheid van die uiterlike bande van die wet, omdat die Heilige Gees in ons die innerlike krag werk om volgens die morele standarde van God te wil lewe. Later in hierdie brief word dit nog duideliker uiteen gesit (vgl. Gal 5:22-23; 6:2).

Omdat Christus ons van die oorheersing van die wet vrygemaak het, moet ons in die vryheid vasstaan. Ons moenie self nie en ons mag ook nie toelaat dat enigiemand anders ons weer onder die juk van die wet insleep nie. Ons lewe immers onder die heerskappy van die Heilige Gees wat die innerlike krag in ons werk om te kan lewe as kinders van God wat daarop gerig is om die liefde van God met liefde vir God en ons naaste te beantwoord, want God is so.

Valse en ware gelowiges – verse 2 tot 6

1. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie.

In die vorige twee hoofstukke het Paulus in die breë geargumenteer dat 'n mens slegs deur die geloof in Jesus Christus voor God geregverdig word. Daar is geen manier om deur middel van wetsonderhouding regverdiging by God te kry nie, want 'n mens kan nie die wet presies gehoorsaam nie. Intendeel, die wet is ook nie vir hierdie doel gegee nie.

Nou kom Paulus by die besondere saak uit wat die valse leraars as wegspring gebruik het om die Galasiërs te oortuig om nie net op Jesus Christus hulle vertrou te stel nie, maar ook self iets te doen ten opsigte van hulle verlossing. Dit is die eerste keer dat Paulus die besnydenis as struikelblok by name noem.

Baie mense sal redeneer dat die besnydenis tog nie so 'n ernstige saak behoort te wees nie. Dit is tog maar net 'n klein operasietjie. Dit is waar dat die besnydenis net 'n klein operasie is. Indien dit om gesondheidsredes gedoen word, is dit goed. En indien dit gedoen word om 'n bruikbaarere getuie te wees onder die Jode, soos wat met Timoteus gebeur het, is dit goed. Maar indien dit gedoen word om 'n teologiese punt te bewys – indien dit gesien word as 'n daad van verlossing, soos wat die valse leraars dit gesien het (Hand 15:1, 5) – is dit verkeerd. Dit is om hierdie rede dat Paulus so sterk oorkom in hierdie hoofstuk oor die besnydenis.

Paulus lê besondere klem daarop dat dit hy is wat vir die Galasiërs die volgende sê. Daar is twee redes hoekom Paulus so beklemtoon dat dit hy is wat dit sê. Eerstens, hy praat met apostoliese gesag. Hy is deur God die Vader en Jesus Christus geroep as apostel om die evangelie van God se genade te verkondig. En hierdie evangelie van God se genade gaan uitsluitlik oor die verlossing in en deur Jesus Christus alleen. Tweedens praat hy ook as 'n Jood wat die wet en die besnydenis goed ken. Hy het ook vroeër op die wet en die besnydenis staat gemaak as 'n manier om regverdiging by God te kry. Maar deur die werking van die Heilige Gees en die geloof in Jesus Christus het hy tot die besef gekom dat dit nie waar is nie. Die besnydenis bring vir jou net mooi niks in die sak nie.

Die Galasiërs het hulle waarskynlik nog nie laat besny nie, want Paulus sê: **as julle jul laat besny**. Hy waarsku hulle voordat hulle sover gaan, want hulle het al met die gedagte begin speel. Hulle is al oorreed om die Joodse kalender te volg met al die verskillende feesdae (Gal 4:10).

As die Galasiërs hulle laat besny, moet hulle weet dat Christus vir hulle niks meer sal beteken nie. Hulle is immers mense wat onder die prediking van Paulus die geloof in Christus van die Heilige Gees ontvang het. Hulle het Christus en sy weldade reeds in die geloof omhels. Indien hulle nou tot die oortuiging kom dat hulle

ook nog besny moet word om verlos te wees, beteken dit dat hulle die werk van Christus net daar verloor. 'n Mens kan nie op Christus en terselfdertyd op jou eie werk staat maak nie.

'n Mens kan nie erken dat jy niks kan doen om jouself te verlos nie en daarom het jy Christus nodig en in dieselfde asem ook erken dat jy tog iets self aan jou verlossing kan doen daarom ontvang jy die besnydenis nie. Regverdiging deur Christus sluit alle poging van die mens uit om regverdiging by God te vind. Net so sluit selfregverdiging die regverdiging deur Christus uit. Wie op selfregverdiging besluit, sê dat Christus vir hom waardeloos is – van geen betekenis nie.

2. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou.

Hierdie keer sê Paulus dit nie maar net, hy betuig. Hy kan nie sterk genoeg uitdruk watter gevolge dit vir 'n mens inhou indien jy die wet as 'n middel tot regverdiging kies bo Christus nie. Die woord wat ons vertaal met *betuig* kan ook vertaal word met *protesteer*.

Die feit dat Paulus sê dat hy *weer* betuig, maak dit duidelik dat dit nie die eerste keer is wat hy dit aan die Galasiërs sê nie. Hy het dit so pas in vers 2 gesê (vgl. Gal 1:8 en 9). Indien 'n mens die wet kies as 'n manier om jou regverdiging voor God te verkry en jy laat jou besny as eerste stap het Christus vir jou geen betekenis meer nie, want jy kan nie die wet sowel as die genade in Christus wil hê nie. Die twee sluit mekaar geheel en al uit. As Christus dan geen betekenis vir jou regverdiging het nie, is jy geheel en al op die wet aangewese.

Indien 'n mens dan kies om die besnydenis te ondergaan soos wat die valse leraars dit voorgehou het – die besnydenis moet by Christus se werk kom as 'n bewys dat jy werklik verlos is – kan jy nie maar net by die besnydenis ophou nie. Nou lê die hele wet voor jou om dit te gehoorsaam. En dan is nie maar net 'n kwessie van jy probeer regtig hard om die wet te doen, jy moet die wet honderd persent in elke gebod gehoorsaam.

Indien jy maar net ten opsigte van een gebod struikel, is jy aan die hele wet skuldig (Jak 2:10). 'n Duisend gehoorsame daade aan die wet kan nie een oortreding van die wet kanselleer nie. Die feit dat iemand nog nooit moord gepleeg het, nog nooit gesteel het nie en nog nooit gelieg het nie, sal nie die verkeerskonstabel oortuig om jou vry te laat gaan as jy 'n verkeersoortreding begaan het nie.

En die gevolg van een oortreding van die wet – hoe klein en onbenullig dit in mense se oë is – is dat jy vervloek is: **Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie** (Galasiërs 3:10 AFR53). Net een oortreding van die wet gaan vir jou die vervloeking van God op die hals haal en dan is dit verby met jou. Al jou trane, al jou beloftes en al jou gehoorsaamheid verderaan gaan nie daardie vloek van jou af kan wegneem nie.

3. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.

Paulus het nou al op twee gevolge gewys wanneer 'n mens jou laat besny soos wat die valse leraars verkondig. Die eerste gevolg is dat Christus vir jou niks meer beteken nie. Die tweede gevolg is dat jy verplig is om die hele wet te onderhou. Nou kom Paulus by die derde gevolg.

Die mense wat hulle geregtigheid deur middel van die wet wil verkry, is van Christus losgemaak en hulle het van die genade verval. Die mens wat eerder deur middel van sy wetsonderhouding regverdiging by God wil kry, het homself van Christus losgemaak. Die volmaakte werk van Christus is in die oë van daardie mens nie goed genoeg nie. Daarom wil hy eerder met sy eie werk die verlossing verseker. Vir so 'n mens is Christus van geen waarde nie, het Paulus reeds in vers 2 gesê. Christus is immers werksaam in die sfeer van genade en nie in die sfeer waarin die mens Hom help om die regverdiging te verkry nie. Daar waar mense die regverdiging deur middel van die wet wil verkry, is hulle op hulle eie.

Maar wat beteken dit dan om van die genade te verval? Dit is iemand wat afvallig word van Christus. Wanneer die genade van Christus se verlossingswerk aan iemand verkondig is. En hierdie verkondiging is ook nog deur die gawes van die Heilige Gees bevestig. En hierdie persoon het by die punt gekom om te erken dat

Jesus Christus werklik op die aarde geleef het en aan die kruis gesterf het. En hy is oortuig dat die sterwe van Christus van groot betekenis is. Maar hy besluit tog nog dat hy self iets moet doen, soos byvoorbeeld om die wet te onderhou, dan het hy van die genade verval. Menslik gesproke het hy so naby aan Christus gekom dat hy byna aan Hom kon raak, maar in plaas daarvan om in die geloof Christus en sy weldade te omhels, gryp hy eerder die werke van die wet aan. So 'n mens het dan van die genade verval. In Hebreërs 6 word daar van so 'n mens gepraat.

Wie op grond van sy eie werke die regverdiging van God wil verkry, het niks met genade te doen nie. Maar hoe doen die ware gelowige dit dan? Die antwoord is in verse 5 en 6.

4. Want óns verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop. Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.

In verse 2 tot 4 het Paulus die heelyd van julle gepraat, nou in vers 5 praat hy van ons. Nadat Paulus die Galasiërs aangespreek het wat so behep geraak het met die wet en die leer van die valse leraars, sê hy nou wat doen die gelowiges wat hulle vertrou in Jesus Christus alleen gestel het. In verse 5 en 6 maak Paulus twee stellings oor geloof.

Die eerste stelling in vers 5: *Deur die Gees uit die geloof wag ons op die hoop van die geregtigheid.* Met die woorde *hoop van die geregtigheid* word daar nie gesê dat die Christen nie nou al geregverdig is nie. Christene is reeds geregverdig deur die geloof in Christus, net soos wat Abraham deur die geloof geregverdig is (Gen 15:6). Wanneer 'n mens tot geloof kom in Christus reken God die geregtigheid van Christus vir daardie mens toe. Maar dit is nie al nie.

Die volle geregtigheid sal vir ons nog in die toekoms aanbreek. Wanneer Jesus Christus as Regter op die wolke verskyn, sal Hy ons ten aanhore van die hele skepping geregverdig verklaar. Deur die geloof weet ons dat daardie geregverdig verklaring beslis sal gebeur, omdat die Gees ons nou reeds oortuig dat ons kinders van God is. Hier het ons weer te doen met die reeds en nog nie. Ons het reeds die ewige lewe, maar met Christus se wederkoms sal ons dit ten volle besit. Christus se

koninkryk het gekom, maar dit eers met sy wederkoms dat die koninkryk ten volle gevestig sal wees.

Christene wag ywerig deur die Gees uit die geloof op hierdie hoop van die geregtigheid. Die mense wat staat maak op hulle eie vermoë wag nie maar werk deur die onderhouding van die wet om die geregtigheid te verkry. Deur die Gees wag die Christen. Die valse leraars werk nie deur die Gees nie, maar deur hulle eie vermoëns. Christene het nie nodig om te spook en te spartel om die geregtigheid te verkry nie, hulle wag bloot daarop want dit is 'n gawe van genade uit God se hand.

Hierdie wag van die Christen is nie 'n wag van niks doen of 'n wag van doen wat jy wil nie. 'n Christen se lewe word deur die Heilige Gees beheers. Onder die heerskappy van die Heilige Gees word die liefde van God in die harte van Christene uitgestort. Daarom het die Christene se lewe 'n kenmerkende verskil van hoe ander mense se lewe. Hulle lewe in 'n verhouding met God waarin hulle dinge wil doen om die Here te verheerlik omdat hulle Hom liefhet en nie omdat hulle sy liefde wil wen nie. Hieroor later meer wanneer ons by die vrug van die Gees kom in vers 22.

Die tweede stelling in vers 6: *In Christus Jesus is dit geloof wat tel.* Die geloof wat die Heilige Gees deur die aanhoor van die evangelie in 'n mens tot stand bring, veroorsaak dat 'n mens op 'n sekere plek kom. Jy word in Christus Jesus ingelyf en neem al sy weldade aan omdat jy vertrou dat Hy dit vir jou gedoen het.

Wanneer 'n mens dan deur middel van die geloof in Christus Jesus is, maak dit nie meer saak of jy besny of onbesnede is nie. Die een gaan jou nie beter in Christus laat wees nie en die ander een gaan jou nie slegter in Christus laat wees nie. In Christus tel hierdie dinge niks meer nie.

War werklik van belang is, is dat 'n mens deur middel van geloof in Christus is en dat hierdie verhouding duidelik word in die werke van liefde wat uit hierdie verhouding uitvloei. Ware geloof in Jesus Christus kan onmoontlik stil gehou word. 'n Verhouding met Jesus Christus sal beslis 'n uitwerking hê op die doen en late van 'n mens. Sy lewe sal gekenmerk word deur die werke van liefde wat uit die geloof uitspruit.

Valse en ware leraars – verse 7 tot 12

1. Julle het goed geloop: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees?

In verse 2 tot 6 was die kontras tussen julle en ons. Julle – die valse gelowiges wat deur middel van wetsonderhouding julle regverdiging by God wil verdien. En hierdie wetsonderhouding begin met die besnydenis wat julle so hoog aanslaan. Ons – die ware gelowiges wag eerder in die geloof gedryf deur die Gees op die geregtigheid waarop ons hoop gevestig is. Ons weet immers dat besnydenis en onbesnedenheid niks byvoeg of wegneem nie, want dit gaan oor die geloof in Jesus Christus alleen.

In die volgende ses verse is die kontras tussen hy – die valse leraar – en ek – die apostels Paulus wat die waarheid van God verkondig. In hierdie ses verse hoor ons ook ses kenmerke van 'n valse leraar.

Die Galasiërs het goed geloop of gehardloop. Dikwels vergelyk Paulus die Christelike lewe met 'n wedloop. Hulle het goed weggespring. Hulle het tot geloof in Jesus Christus gekom as hulle enigste en volmaakte Verlosser. En vir 'n tyd lank het hulle regtig in die geloof geleef. Maar nou het die valse leraars hulle kom verhinder om die waarheid van die evangelie te bly gehoorsaam.

Let op dat om goed te hardloop in die Christelike wedloop nie net 'n saak is van om die waarheid te glo nie – so asof Christelikheid net 'n saak van die regte leer is nie – en die wedloop is ook nie net om 'n goeie gedrag te openbaar nie – so asof dit net oor morele voorbeeldigheid gaan nie – maar dit gaan daarvoor om die waarheid te gehoorsaam. Dit is om geloof toe te pas in 'n mens se optrede. Dit is slegs hy wat die waarheid gehoorsaam wat 'n volwaardige Christen is. Wat hy glo en hoe hy optree vorm een geheel. Sy belydenis word in sy optrede uitgedruk, want sy optrede word van sy belydenis afgelei.

Die Galasiërs het hierdie Christelike wedloop goed begin en hulle was reeds goed op pad. Hulle het die waarheid dat Christus hulle vrygemaak het geglo en hulle het dit gehoorsaam – hulle het die vryheid wat Christus hulle gegee het geniet. Maar die valse leraars het hulle met hulle valse leer kom verhinder om in hierdie

Christelike wedloop te volhard. Die eindstreep is nie by die beginstreep nie. Die eindstreep is aan die einde van 'n mens se lewe. As jy weggespring het, is jy nie klaar met die wedloop nie. Die wedloop eindig wanneer jy die eindstreep haal.

As Paulus vra wie hulle verhinder het, is sy bedoeling nie om die naam van die valse leraar te kry nie. Hy vra eerder dat die Galasiërs mooi moet dink watter soort mens is dit wat hulle verhinder het om die waarheid te bly gehoorsaam. Dit gaan immer in hierdie ses verse oor die kontras tussen die valse en die ware leraar.

Die eerste kenmerk van die valse leraar is dat hy die gelowige verhinder om die waarheid van die evangelie van Christus te bly gehoorsaam.

2. Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie.

Die oproep om die gemeentes in Galasië aan die besnydenis en daarmee aan die wet te onderwerp as 'n poging om regverdiging by God te verkry, het nie van God af gekom nie. God roep mense deur die genade van Christus tot verlossing in Christus (Gal 1:6). Die verlossing wat Christus gebring het deur sy dood aan die kruis was die verkondiging van die grootheid en eer en heerlikheid van God. Die hele skepping draai om God. Alles moet tot eer van God gebeur. Daarom inisieer Hy ook die verlossing en voer die verlossing deur, sodat mense deur die verlossing wat Christus bewerk regverdiging by Hom kan kry.

God praat egter nie uit twee monde nie. Hy sal nie mense oortuig om deur middel van wetsonderhouding self die regverdiging by Hom te verkry nie. Indien mense in staat sou wees om deur hulle eie werke die regverdiging te verkry, is dit mense wat die eer ontvang en nie God nie. Indien mense deur hulle eie werke die regverdiging verkry, word Christus geïgnoreer en verkleineer en dit sal die Vader nie met sy eie geliefde Seun doen nie.

Daarom kan hierdie oortuiging om jou te laat besny en die wet te onderhou, soos wat die valse leraars dit voorhou, nie van God afkom nie. Al probeer die valse leraars ook hoe hard om mense te laat verstaan dat die onderhouding van die wet en die besnydenis die bevel van God tot verlossing en regverdiging is.

3. 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur.

Met 'n spreekwoord wat alom bekend was, maak Paulus duidelik wat is die uitwerking van 'n valse leraar met sy valse leer. Net 'n bietjie valsheid veroorsaak dat die hele kerk vals word. Sommige in die gemeentes sou kon sê dat die besnydenis tog maar 'n ou klein sakie is. Dit is regtig nie nodig om so 'n groot bohaai daarvoor op re te skop nie. Die besnydenis mag na 'n ou klein sakie lyk, maar die uitwerking daarvan is verreikend.

In die Bybel en onder die Jode was die begrip *suurdeeg* meestal gebruik om na die sonde en die verkeerde te verwys. In 1 Korintiërs 5:6 gebruik Paulus dit om te verwys na die selfverheffing van lidmate in Korinte. Sonde en valsheid het die vermoë om altyd meer te word net soos wat suurdeeg 'n hele stuk deeg deurtrek.

Omdat die valse leraars en hulle valse leer so maklik versprei in die kerk – dit versprei maklik, want dit sluit aan by die mens se eie trots om self iets te doen – en omdat die oortuiging van die valse leraars nie van God af kom nie, was Paulus vasberade om hierdie valse leraars en hulle valse leer met ywer teen te staan.

4. Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees.

Paulus spreek sy vertroue oor die Galasiërs uit. Dit is 'n vertroue wat hy nie in die eerste plek in die Galasiërs het nie, maar in die Here. Dit is immers die Here wat die Galasiërs tot geloof gebring het. En wat die Here ook al begin, maak Hy klaar. So het Paulus dit ook aan die Filippense geskryf: **Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus** (Filippense 1:6 AFR53).

Elkeen van die Galasiërs wat dan werklik aan Christus behoort – daarvan is Paulus in die Here oortuig – sal net soos Paulus oor die sake dink, naamlik dat dit die valse leraars is wat mense verhinder om die waarheid te gehoorsaam, dat die oortuiging om besny te word nie van die Here af kom nie en dat hulle valse leer die vermoë het om die hele kerk te deursuur. Hierdie vertroue dat die ware gelowiges net soos hy oor die sake sal dink, is gevestig in die Here.

Maar wat die valse leraars betref – hulle wat die Galasiërs in die war gebring het – hulle sal die oordeel dra. Maak nie saak hoe hoog in aansien hierdie valse leraars in Galasië en selfs in Jerusalem is nie, as hulle die evangelie van God se genade vervals, sal hulle onder die oordeel van God kom. Die aansien wat so iemand onder mense het en die werk wat so iemand in diens van die Here gedoen het, sal nie die oordeel van hom af kan weghou nie.

5. Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgt? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig!

Paulus keer nou terug na homself teenoor die valse leraars. In die vier verse vooraf het hy nou sekere kenmerke van die valse leraars bekend gemaak – hulle verhinder mense om die waarheid te gehoorsaam; hulle oortuiging kom nie van God af nie; hulle is besig om die hele kerk te vergiftig met hulle dwaling en hulle bring die gelowiges in die war. In hierdie vers en die volgende een maak hy nog kenmerke van die dwaalleraars bekend, maar kom ons luister eers wat sê hy hier.

Paulus wil die Galasiërs laat nadink. Hoekom word hy vervolgt, as hy kamtig nog die besnydenis verkondig. Waar sou Paulus aan hierdie gerug gekom het? Dit is moontlik dat die valse leraars na aanleiding van die besnydenis van Timoteus (Hand 16) die gerug versprei het dat Paulus ook nog die besnydenis verkondig en toepas. Dit sou vir die valse leraars maklik wees om die Galasiërs te laat verstaan dat Paulus nog die besnydenis verkondig op grond van dit wat hy met Timoteus gedoen het, indien hulle nie geweet het wat Paulus se motivering was nie.

Dit word uit Handeling 16 duidelik dat Paulus nie vir Timoteus besny het, sodat hy verlos kon wees of beter verlos kon wees nie. Timoteus is besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was, want hulle het geweet dat Timoteus half Jood en half Griek was. Op grond van sy Joodse afkoms is Timoteus geregtig op die besnydenis en vir die bevordering van die evangelie onder die Jode in daardie streke sou dit vir Timoteus 'n beter toegang tot die Joodse gehoor gee. Timoteus is dus besny, nie ter wille van homself en sy verlossing nie, maar ter wille van die Jode en hulle ontvanklikheid van die evangelie van God se genade. Dit gaan inderwaarheid oor die swak geloof van die Jode. Die valse leraars verkondig die besnydenis as gevolg van hulle valse geloof en nie oor 'n swak geloof nie.

Die feit dat die valse leraars vir Paulus vervolg, is eintlik 'n bewys dat hy nie die besnydenis verkondig nie. Ismael van hierdie wêreld sal altyd vir Isak van die belofte vervolg (Gal 4:28-29). Indien Paulus nog die besnydenis verkondig het, sou die struikelblok van die kruis uit die weggeruim wees.

Die kruis was vir die Jode 'n struikelblok, nie net omdat hulle nie 'n sterwende Messias kon verdra nie, maar ook omdat die kruis alle menslike prestasie verwerp. Die besnydenis was juis in die hande van die valse leraars 'n menslike prestasie, want daarmee het die mens self iets bygedra tot sy verlossing. Die kruis maak egter bekend dat die mens glad niks kan doen of selfs kan bydra tot sy verlossing nie. Ons is vir die verlossing geheel en al afhanklik van Jesus Christus. Die mens in sy valse trotsheid wil dit nie hoor nie. Hy wil nie hoor dat hy 'n volslae sondaar is wat absoluut niks kan doen of bydra tot sy eie verlossing nie. Daarom is die kruis vir die Jode en baie ander mense vandag nog 'n struikelblok.

6. Ag, as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink!

Paulus sluit hierdie gedeelte af met 'n baie sterk wens. Die valse leraars se leer het soos suurdeeg deur die hele kerk gegaan. Hulle bring mense in die war, maak hulle opstandig en veroorsaak dat hulle nie die waarheid gehoorsaam nie.

In hierdie wens wat Paulus uitspreek, sê hy presies wat hierdie valse leraars besig is om te doen. Hulle wil van Christene heidene maak. In Frigië waar hierdie gemeentes van Galasië geleë was, was die afgodsdienste aan die afgod Cybele algemeen bekend. Die priesters van hierdie afgod sowel as die toegewyde dienaars het hulleself gekastreer. Dus was hierdie wens wat Paulus uitspreek nie onbekend aan die Christene in Galasië nie.

Paulus se woorde in hierdie vers kom dus daarop neer: As julle dan met besnydenis julleself voor God wil regverdig, hoekom gaan julle nie voluit nie en sny sommer alles af nie. As julle dan soos heidene wil maak, hoekom gaan julle nie voluit en word dan heidene nie. Daar is immers net een van twee moontlikhede. Die een sogenaamde moontlikheid is die valse leraars se dwaling dat jy met jou menslike prestasies regverdiging by God sal kry. Hierdie dwaling is in elk geval gelyk aan alle ander godsdienste waarin die mens moet presteer om die god te beïndruk. Die

enigste ware godsdiens – die Christelike godsdiens – maak nie staat op menslike prestasies nie, maar steun op die volmaakte en voltooide werk van Jesus Christus.

In elke ander godsdiens kan die mens homself nog op die skouer klop oor dit wat hy self reggekry het. Van nature is dit wat die mens graag wil hê en wil doen. Wanneer dit egter by die kruis van Jesus Christus kom, moet die mens homself verneder en erken dat hy self niks kan doen nie behalwe om te reken op die werk wat God in Jesus Christus doen.

Galasiërs 5:13-15

Die aard van Christelike vryheid

13 Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde. 14 Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. 15 Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.

Inleidend

Vryheid is 'n woord wat op alle mense se lippe is. Daar is verskillende soorte vryhede en baie verskillende mense staan vryheid voor. In Afrika beteken vryheid om vry te wees van koloniale oorheersing en deesdae is dit vryheid van blanke oorheersing. Vir die ekonoom beteken vryheid die vryheid van handel en vryheid van tariewe. Die kapitalis sien vryheid as vryheid van enige maatreëls wat privaat onderneming kan verhinder. Die kommunist sien vryheid as die vryheid van kapitalistiese uitbuiting.

Wat beteken vryheid vir die Christen? Uit Galasiërs word dit duidelik dat Christelike vryheid beteken dat 'n mens vry is van die vloek van die wet, vry is van die sondeskuld. 'n Mens is eers waarlik vry wanneer Christus hom vry gemaak het. Ons Christene se vryheid het begin toe God ons na Christus toe geroep het. Vroeër was ons slawe van die sonde en kon nie self besluit om Christus te volg nie. Geen sondaar kies uit sy eie om die sonde te laat vaar en Christus te volg nie. Christus het na hierdie wêreld gekom en ons vry gemaak van die sonde en die sondeskuld toe ons nog in opstand teen Hom geleef het. Deur sy Gees het Hy ons oortuig dat Hy ook vir ons aan die kruis gesterf het. Sodoende het die Heilige Gees ons met die evangelie in die vryheid van Christus ingelei.

Paulus het die roeping tot vryheid geken, want God het hom deur sy genade geroep (Gal 1:15). Die Galasiërs het hierdie roeping geken, want Paulus neem hulle kwalik dat hulle so gou afvallig geword het van Hom wat hulle deur die genade van Christus geroep het (Gal 1:6). Ons ken hierdie roeping, want dit is nie deur ons eie prestasie dat ons Christus volg nie, maar deur die genade van Christus is ons geroep.

Tot vryheid geroep – dit is wat dit beteken om 'n Christen te wees. Maar dit is tragies dat mense dit nie weet en verstaan nie. Oor die algemeen verstaan mense dat Christen wees beteken dat jy aan 'n klomp reëls gebonde is. Om 'n Christen te wees beteken dat jy deur genade tot vryheid geroep is. Hierdie vryheid is nie net 'n voorreg vir 'n sekere uitgelese groepie nie, maar dit is vir elke kind van die Here bedoel.

Wat hou Christelike vryheid dan vir die mens in? Beteken dit dat hy vry is van enige vorm van beperking? Is Christelike vryheid 'n ander begrip vir anargie? Paulus is daarvoor gekritiseer. Die valse leraars het die geleentheid aangegryp om Paulus daarvan te beskuldig dat sy vryheid beteken dat die wet nou geïgnoreer kan word.

In die eerste twaalf verse het Paulus dit duidelik gemaak dat Christene tot vryheid geroep is. In die volgende verse spits Paulus hom daarop toe om hierdie vryheid te definieer, sodat die misverstand uit die weggeruim kan word en om die Christene te beskerm teen enige misbruik van die begrip vryheid. Wanneer Paulus die Christelike vryheid definieer, sê hy telkens wat Christelike vryheid nie is nie.

Christelike vryheid is nie vryheid om vrye teuels aan die vlees te gee nie – vers 13

1. Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.

Christene is tot vryheid geroep. Toe God ons deur sy Gees en Woord geroep het na Christus toe, het Hy ons weggeroep uit die slawerny aan die sonde en weg van die knellende bande van die wet af. Oor en oor het Paulus dit nou al duidelik gemaak dat die Joodse Christene nie meer onder die swaar verpligtinge van die wet staan nie. Niemand kan homself deur middel van wetsonderhouding regverdig maak voor God nie. Jesus Christus het dit kom doen met sy volmaakte werk.

Die feit dat Christus ons vrygemaak het van die sware verpligtinge van die wet beteken nie dat die morele waardes van die wet nou ook daarmee heen is. Dit is die seremoniële wette wat opgehef is deur Christus. In Galasiërs gaan dit oor die besnydenis. Niemand hoef meer besny te word om daardeur die regverdiging wat Christus verdien het aan te help of te verbeter nie. Christus se verlossingswerk is

genoegsaam.

Die verskil tussen 'n Jood en 'n Joodse Christen is dat die een nog vashou aan die seremoniële wette terwyl die Joodse Christen weet dat die seremoniële wette nie meer nodig is nie. Die Jood hou homself aan die Tien Gebooe omdat dit van buite af op hom afgedwing word en die Joodse Christen wil die Tien Gebooe onderhou omdat hy van binne af deur die liefde vir Christus gedryf word. Die Jood lewe in vrees omdat hy nie die Tien Gebooe voluit kan gehoorsaam nie en die Joodse Christen lewe ooreenkomstig die Tien Gebooe deur die krag van die Heilige Gees. Van binne word die Joodse Christen deur die Heilige Gees gemotiveer om aan die Here gehoorsaam te wil lewe.

Daarom beteken Christelike vryheid nie dat ek nou aanleiding vir die vlees gee nie. Met *vlees* word ons sondige geaardheid bedoel – ons sondige geaardheid wat tot alle kwaad voortdurend geneig is. Christelike vryheid beteken nie dat ek nou maar aan my sondige geaardheid vrye teuel kan gee omdat ek deur Christus verlos is nie. Christus het ons verlos uit die heerskappy van die Satan, maar Hy het ons nog nie volkome verlos van ons sondige geaardheid nie. Daarom is ons nie soos 'n wilde perd wat maar net losgemaak is nie. Christus het immers sy Gees aan ons gegee, sodat ons deur die krag van die Gees hoe langer hoe meer ook die sondige geaardheid kan afsterf. Dit is immers die Heilige Gees wat ons wil verander, sodat ons by Christus wil bly en Hom wil dien.

Wie egter sê dat Christelike vryheid beteken dat jy maar vrye teuels aan jou sondige geaardheid kan gee, verval net in 'n ander vorm van slawerny. Jesus sê immers dat elkeen wat sonde doen, 'n slaaf van die sonde is (Joh 8:34). Vryheid in hierdie sin beteken die vry om sonde te doen nie, maar vry van die sonde.

Christelike vryheid kan nie beteken dat ek aan my sondige geaardheid vrye teuels gee nie, want as ek dit doen, dink ek net aan myself. My eie wil vier dan hoogty en aan ander mense en hulle belange dink ek nooit nie. Nee, Christelike vryheid beteken dat ek vry van my selfsugtige geaardheid word om ander in liefde te dien. Ek is vry van myself sodat ek ander kan help en bystaan om ook in hulle verhouding met die Here te groei.

Christelike vryheid is nie die vryheid om die wet te ignoreer nie – vers 14

1. Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Paulus gee die rede hoekom Christene mekaar deur die liefde moet dien. In die wet leer die Here ons om ons naaste net so lief te hê soos wat ons onself liefhet.

Die valse leraars en die mense wat die Bybel oppervlakkig lees, sal op hierdie punt genoeg rede kan vind om te sê dat Paulus dubbelsinnig praat. Tot dusver het Paulus die heelyd daarop gewys dat die Christen vry is van die wet. Hy het selfs gesê dat Christene vas moet staan in die vryheid en hulle nie weer onder die juk van diensbaarheid aan die wet moet laat indwing nie (Gal 5:1). Hoe kan hy dan nou hier sê dat die Christen tog weer aan die wet moet voldoen?

Wanneer Paulus sê dat ons nie meer onder die juk van die wet staan nie, gaan dit oor ons verhouding met God. Daarmee word bedoel dat God ons nie aanvaar omdat ons die wet gehoorsaam nie. Hy aanvaar ons of neem ons aan as sy kinders op grond van die geloof in Jesus Christus wat in ons plek die vloek van die wet op Hom geneem het en daarvoor gesterf het. Die feit dat God ons op grond van die geloof in Jesus Christus as sy kinders aangeneem het, beteken nog glad nie dat die wet nou heeltemal geïgnoreer en verontagsaam kan word nie.

Inteendeel, alhoewel ons nie die guns van God kan wen deur ons gehoorsaamheid aan die wet nie, sal ons tog gehoorsaam lewe aan die wet omdat ons deur God aangeneem is. Hierdie gehoorsaam kom voort uit die liefde vir God omdat Hy ons aangeneem het en sy Gees aan ons gegee wat ons in staat stel om aan die wet gehoorsaam te lewe. John Stott stel dit eenvoudig: In Nuwe Testamentiese taal beteken dit dat ons regverdiging nie van ons gehoorsaamheid aan die wet afhanklik is nie maar van Christus wat gekruisig is, tog bestaan ons heiligmaking daaruit dat ons die wet vervul (vgl. Rom 8:3, 4).

Dit kom daarop neer dat die wet vir die Christen nie meer iets is wat van buite af op hom afgedwing word nie. Deur die inwoning van die Heilige Gees is die wet nou

geïnternaliseer. Die Gees skryf die wet van die Here op die tafels van 'n Christen se hart (Jer 31:33). Uit liefde vir God en Christus streef die Christen daarna om God te gehoorsaam – om nie dinge te doen wat Hom enige skade sal veroorsaak nie.

Die mens wat God dan ook waarlik liefhet, sal sy naaste ook liefhê. Daarom sal hy daarna strewende om nie dinge te doen wat vir sy naaste skade sal veroorsaak nie, maar eerder wat sy naaste sal opbou en versterk in sy verhouding met God.

Die liefde wat twee mense vir mekaar het, mag dus ook nie daartoe lei dat hulle maar die rustig die wet kan ignoreer en oortree ter wille van hulle liefde vir mekaar nie. Die Here het nie verniet gesê dat die eerste en die grootste gebod liefde vir God is nie. Dit gaan immers altyd in die eerste plek oor God en elke individu se verhouding met Hom. My liefde vir my naaste mag nie my liefde vir God verdring nie. Twee mense se liefde vir mekaar mag ook nie hulle liefde vir God verdring nie. My liefde vir my naaste moet altyd daarop gerig wees om my naaste se verhouding met God nog hechter te laat groei.

Christelike vryheid is nie om jou naaste uit te buit nie – vers 15

1. Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.

Wanneer die lewe vir 'n mens net rondom jouself draai en van die standpunt af uitgaan dat jy vry is om so op te tree, sal jy nie meer ander mense in ag neem nie. So 'n skeef getrekte vryheid is selfsug. En wanneer selfsug die geleentheid kry om in elkeen in die gemeenskap na willekeur te floreer, sal mense wedersyds mekaar nie in ag neem nie.

Die uiteindelige gevolg van so 'n gemeenskap is dat hulle eerder soos wilde diere teenoor mekaar te kere gaan as soos Christene. Daarom gebruik Paulus ook die woorde wat tipies is aan 'n klomp wilde diere. Hulle byt mekaar. Daardie agteraf gepraat oor mekaar om iemand anders in 'n slegte lig te plaas, sodat jy beter lyk as iemand anders, is die begin daarvan om mekaar uiteindelik openlik sleg te sê en af te breek. Paulus waarsku dat hierdie optrede uiteindelik tot 'n vernietiging van die gemeenskap sal lei.

Die vryheid wat ons in Christus verkry ten opsigte van ons verhouding met God is om te mag weet dat daar vrede tussen God en jou is. Christus se bloed het die skuld afgewas en deur die geloof word hierdie sekerheid jou eie. Op grond van Christus se verlossingswerk het God jou aangeneem as sy kind.

Hierdie vryheid ten opsigte van ons verhouding met God het 'n uitwerking op ons verhoudinge met mekaar. Hierdie vryheid veroorsaak nie dat ek aan my sondige geaardheid vrye teuels gee nie, maar eerder dat ek selfbeheersing toepas. Hierdie vryheid veroorsaak nie dat ek die wet van die Here verontagsaam nie, maar eerder dat ek daarna streef om dit te vervul, want ek wil lewe soos my hemelse Broer Jesus Christus. Hierdie vryheid veroorsaak ook nie dat ek ander mense soos vloerlappe behandel nie, maar eerder dat ek hulle in liefde wil dien.

Galasiërs 5:16-26

Wandel deur die Gees

16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; 17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. 18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. 23 Teen sulke dinge is die wet nie. 24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. 25 As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. 26 Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.

Inleidend

Die Christelike lewe word gekenmerk aan die vryheid wat Christus aan die gelowige skenk. In Galasiërs 3 en 4 is die evangelie van vryheid gestel teenoor die godsdiens van wettiese reëls. Verlossing van sonde en regverdiging voor God is nie die gevolg van wetsgehoorsaamheid nie, want geen mens is in staat om die wet nougeset te gehoorsaam nie. Die enigste manier om van jou sondes verlos te word en voor God regverdig te wees is deur die geloof in Jesus Christus en sy voltooide en volmaakte werk.

Aangesien Christus ons dan vrygemaak het, moet ons standvastig bly in hierdie vryheid. Ons moenie toelaat dat ons weer onder die juk van wettiese godsdienslike reëls ingedwing word nie (Gal 5:1-12). Maar Christelike vryheid beteken ook nie dat ek maar nou kan doen wat ek wil nie. Christelike vryheid is nie om maar toe te gee aan die begeertes van my sondige geaardheid nie (Gal 5:13a). Christelike vryheid

beteken dat ek vry is van my selfsugtige geaardheid, sodat ek met naaste in liefde kan dien (Gal 5:13b). Daar is Christelike vryheid nie 'n oop deur om my naaste enige skade aan te doen nie, want Christelike vryheid gee my nie die reg om die wet van God te ignoreer nie (Gal 5:14-15).

Die vraag ontstaan nou: Maar hoe sal 'n Christen dan sy Christelike vryheid kan uitleef? Hierdie vraag antwoord Paulus in Galasiërs 5:16-26. Die hoof gedagte is deur die Gees te lewe. Christus het ons verlos en die Heilige Gees skenk ons die geloof om te mag weet en vertrou dat Christus ons ook verlos het. Maar daar hou die werk van die Heilige Gees met en in ons nie op nie. Die Heilige Gees wil hierdie verlossingswerk van Christus meer en meer ons eiendom maak en ons heilig sodat ons uiteindelik na hierdie lewe onder getal van die uitverkorenes ons plek kan inneem voor die troon van God. Daarom neem die Heilige Gees sy volle intrek in die Christen se lewe in.

Die gevolg van die Heilige Gees se inwoning in die Christen is dat daar 'n stryd kom tussen die ou, vleeslike begeertes van die mens en die Gees van God. Hierdie is 'n stryd wat daaglik aan die gang is binne in elke ware gelowige. Maar dit bly nie maar net 'n stryd nie. Daar is ook oorwinning wat deur die Gees behaal word.

Die Gees en die vlees staan teenoor mekaar – vers 16 tot 18

2. Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

Aangesien Christelike vryheid nie beteken dat jy die wet van God ignoreer nie, maar dit juis gewillig gehoorsaam, maak Paulus dit nou dit duidelik wat dit in praktyk beteken. 'n Christen wat lewe in die vryheid wat Christus vir hom bewerk het, word geken merk deur die Gees se invloed in sy lewe. So 'n mens wandel deur die Gees in plaas daarvan om deur middel van die wet te lewe. Die natuurlike gevolg van iemand wat deur die Gees lewe, is dat hy nie die begeerlikhede van die vlees volbring nie. Dit is egter die wettiese gelowige wat vrees dat 'n lewe deur die Gees tot wetteloosheid sal lei, daarom is wettisme die enigste manier om 'n heilige lewe te verseker.

Wandel is die begrip wat meer male in die Bybel gebruik word om die voortgang van 'n mens se lewe aan te dui. Daarom is dit regverdig om te vra hoe iemand in sy lewe vorder. Elke mens se lewenstyl is uniek, daarom kan 'n mens iemand uitken aan die wyse waarop hy lewe. Hoe is ons wandel? Kan mense agter kom dat ons deur die Gees wandel?

Wat beteken dit om deur die Gees te wandel? Die belangrikste is natuurlik dat die Heilige Gees in 'n mens se lewe teenwoordig moet wees. Daarby is dit noodsaaklik dat 'n mens sensitief is vir die invloed van die Heilige Gees. Dan is dit ook nodig dat jy jou lewenstyl verander ooreenkomstig die invloed van die Heilige Gees.

Die wyse waarop die Heilige Gees 'n mens se lewenstyl beïnvloed, kan soos volg opgesom word: Deur middel van die Woord onderrig die Heilige Gees ons in die wil van God. Daarmee saam gebruik die Heilige Gees ook die lewens van ander mense wat deur die Gees wandel. Sodoende vernuwe die Heilige Gees ons van binne af, sodat ons meer sensitief word en ons lewe algaande verbeter na die mate wat ons volwasse word in Christus.

Iemand wat dan deur die Gees wandel se lewenstyl begin al meer en meer trekke toon van die Jesus se lewenstyl. Die Heilige Gees se doel is immers om Jesus in die Christene gestalte te laat kry deurdat Hy die Christene herinner aan Jesus se woorde en aanhoudend van Hom getuig (Joh 14:16-17, 26; 15:26; 16:13-15). Wie deur die Gees wandel, luister dus na die Gees wanneer Hy hom lei tot die geaardheid en karakter van Jesus.

Wanneer 'n mens deur Gees wandel, sal jy nie die begeerlikheid van die vlees volbring nie. Die Gees en die vlees sluit mekaar geheel en al uit, soos dit in die volgende vers duidelik word. Dit Heilige Gees sal nooit iemand daartoe beweeg om sy sondige begeertes te vervul nie, want die Heilige Gees getuig aangaande Jesus en lei die gelowige om in die voetspore van Jesus te volg. Om deur die Gees te wandel is die sleutel tot geregtigheid.

3. want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Om deur die Gees te wandel is nie 'n kwessie van dat ek alles maar aan die Gees oorgee en niks verder meer doen nie. Om deur die Gees te wandel is nie iets wat sommer so eenvoudig gebeur nie. Daar is 'n oorlog aan die gang binne in elke Christen – dit is 'n oorlog tussen die vlees en die Gees. Die vlees en die Gees staan teenoor mekaar – hulle kom glad nie met mekaar oor die weg nie. Wanneer die vlees die geveg wen, dan doen 'n mens nie wat jy as Christen graag sal wil doen nie. Sodoende leef jy weer as slaaf van jou sondige begeertes en geaardheid.

Die feit dat daar 'n oorlog binne – in ons woed, moet ons wakker maak. As 'n mens nie weet van die oorlog nie, sal jy aanhoudend verloor. Die feit dat daar 'n oorlog in ons woed, leer ons ook dat ons moeite sal hê om deur die Gees te wandel. Die Here behandel ons nie soos stokke en blokke nie. Deur die Gees wat in ons woon word ons gewillig en bereid gemaak om deur die Gees te wandel – vir die Here te lewe.

Ons ou mens is saam is saam met Christus gekruisig (Rom 6:6; HK, Sondag 16:43), maar die invloed wat hy op my self het hou ongelukkig aan. My natuurlike geaardheid is om in opstand teen God te wees, want so het my ou mens my geoef. Hierdie stryd van my natuurlike geaardheid – my vlees – teen die Gees sal voortduur totdat Christus ook aan my 'n opstandingsliggaam gee wat nie meer deur my natuurlike geaardheid beïnvloed kan word nie.

Die wyse waarop die Christen deel kan hê aan die oorwinning van die Gees, is wanneer hy al meer en meer in staat word om “Nee” te sê vir sy vlees en sy sondige begeertes. In die tweede plek moet hy sy vlees laat verhonger deur homself nie bloot te stel aan die slegte invloede van sy sondige natuur, die wêreld en die duiwel nie. En in die derde plek het hy die voortdurende versterking van die Heilige Gees nodig en moet hy onder die invloed van die Gees bly.

En die enigste wapen wat die Christen het, is die swaard van die Gees – die Woord van God. Daarom is dit uiters noodsaaklik om daaglik te oefen met die swaard, sodat ons vaardig kan word in hierdie stryd wat die Gees teen ons vlees het. Sonder die Woord is ons swak en weerloos en die Gees gaan nie alleen die stryd in ons voer nie. Hy spoor ons aan om self die stryd te voer deur sy krag.

4. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

Die teenmiddel teen die invloed van die vlees is die Gees van God en nie die wet nie. Die wet wys alleenlik vir ons die sonde uit, maar dui nie die weg aan om van die sonde ontslae te raak nie. Dit is Christus wat ons sondes wegneem. Daarom lei die Gees ons deur middel van die wet na Christus toe.

Wanneer 'n mens deur die Gees gelei word, is jy nie meer onder die wet nie. 'n Mens het dan nie meer nodig om onder die wet te wees nie, want jy gehoorsaam die wil van God as gevolg van die innerlike invloed van die Heilige Gees en nie as gevolg van die uiterlike invloed van die wet nie.

Die inwoning van die Heilige Gees en die leiding wat Hy aan die gelowige gee, lei gevolglik daartoe dat die wet op die tafels van ons hart geskryf word. Deur sy leiding word die mens van binne af verander en vernuwe om al meer gehoorsaam aan die Here te lewe omdat hierdie lewe die vryheid verwerklik wat Christus bewerkstellig het.

John MacArthur gee 'n kort lysie na die plekke waarheen die Heilige Gees 'n gelowige lei: na vryheid (Gal 5:1), na heiligheid (Gal 5:16); na die waarheid van die woord (Joh 16:14); na die vrug van die Gees (Gal 5:22); in gebed na God toe (Efes 2:18); na sekerheid oor ons kindskap (Rom 8:16); om te getuig (Hand 1:8); en na onderwerping aan God (Efes 5:18). Wie die Gees dus het wat hom lei, het nie meer 'n wet van buite af nodig om te wys hoe verkeerd en sondig hy is nie.

Die werke van die vlees en die gevolge daarvan – vers 19 tot 21

- 1. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge,**

Die begeerlikhede van die vlees kan maklik verstaan word as die begeertes wat net met die seksuele te doen het. Dit is egter 'n ongelukkige afleiding wat ons maak omdat seksuele sondes in ons gedagtes die ergste sondes denkbaar is, want dit is ook dié sondes wat die meeste sensasie veroorsaak. Die oortreding van die

sewende gebod is nie die enigste of ergste sonde nie. Oortreding van enige gebod van die Here is genoeg om 'n mens skuldig te maak aan die dood. Wanneer Paulus praat van die begeerlikhede van die vlees is die lens baie wyer gestel. Daarmee bedoel hy alle sondes waaraan daar gedink kan word. Vlees verwys immers nie net na die mens se liggaam nie, maar na sy totale gevalle geaardheid en verdorwe hart waaruit elke sonde denkbaar opborrel soos water uit 'n fontein. Hierdie fontein is egter giftig en dodelik van sy bron af.

Die vlees – die gevalle geaardheid van die mens – sowel as die begeerlikhede van die vlees is nie vir die menslike oog sigbaar nie. Elke mens word deesdae beskou as 'n goeie mens, omdat, so sê mense, daar in elke mens iets goeds is. Elke mens het inderwaarheid maar net 'n glans lagie wat die lig van sy lewe af weg kaats, sodat die boosheid wat in elke mens teenwoordig is, nie gesien kan word nie. Aan die een kant kan 'n mens dit toeskryf aan die sluheid van die sondige geaardheid van die mens. Aan die ander kant kan dit ook gesien word as deel van die algemene genade van God, sodat ons nie elke mens wat ons teëkom as 'n duivel wil aansien nie, maar eerder, van gelowige se kant af, as 'n beeldraer van God.

Alhoewel die vlees en die begeerlikhede van die vlees onsigbaar is, is die werke van die vlees – die produk wat hierdie sondige geaardheid en begeertes voortbring – openbaar. Dit is algemeen bekend kan oral waar mense is, gesien word.

Paulus het nie bedoel om 'n volledige lys van die werke van die vlees te maak nie. Hy sê self in vers 21 **en dergelike dinge**. Hierdie is 'n voorbeeld lys. Lyste van deugde en sondes was algemeen bekend onder die heidense moraliste. Selfs in die Ou en Nuwe Testament vind ons sulke lys, nie net hier in Galasiërs nie. Die heidense moraliste het lys van sondes gemaak en dit afgesluit met die idee dat sulke dade teen die ware natuur van die mens ingaan. In die Bybel word dit egter duidelik dat hierdie werke van die vlees eerder die weerspieëling is van die natuurlike geaardheid van die mens omdat die mens uit sy eie uit niks anders nie as sonde doen. Die mens hoef nie sonde aan te leer nie. Dit kom van nature uit hom voort. Deugde is goed wat die mens moet aanleer en dit kan alleen gebeur onder die leidende hand van die Heilige Gees en die Woord van God.

John Stott verdeel die lys van die werke van die vlees in vier kategorieë: Seksuele sondes, godsdienstige sondes, interpersoonlike sondes en sosiale sondes.

Owerspel, hoerery, onreinheid en ongebondenheid het almal met seksuele sondes te doen. Die seksuele wanorde wat tans heers, is vir ons afskuwelik, maar dit is nie iets nuuts nie. In die tyd van Nuwe Testament het daar net sulke seksuele wanorde geheers. Die bewyse daarvan is oorvloedig en dit kom nie uit die pen van Christene nie, maar van heidene wat dit as afstootlik beskou het.

Die woord wat ons vertaal met *owerspel* kom nie in die oudste manuskripte voor nie en daarom verskyn dit nie in sommige vertalings nie. Maar of nou hier geskryf was of nie, die Here gee nie toestemming om dit te doen nie. Owerspel kan net so goed by hoerery ingesluit wees. Die mense wat hulle aan owerspel skuldig maak, kom met allerhande verskonings na vore, maar die Here luister nie daarna nie. Owerspel is 'n sonde in die oë van die Here, want dit is 'n werk van die vlees. Die Heilige Gees lei nie mense om owerspel te pleeg nie,

Hoerery is die vertaling van die Griekse woord *porneia* waarvan ons woord *pornografie* vandaan kom. Hoerery sluit alle immorele seksuele dade in. Aanvanklik het die woord net na prostitusie verwys en dit is hoe ons ook hoerery baie maal verstaan. Hoerery sluit dus in seksuele sondes wat deur getroudes en ongetroudes, mans en vrouens, voor die huwelik en buite die huwelik gepleeg word. Dit is werke van die vlees en die Heilige Gees lei niemand om hoerery te bedryf nie,

Onreinheid is ook 'n woord wat 'n wye veld dek. In hierdie lys verwys dit na seksuele onreinheid in die breë sin van die woord. Die teenoorgestelde is rein. Indien dit nie rein is in die oë van die Here nie, is dit onreinheid. Onder hierdie woord kan alles ingesluit word wat kan aanleiding gee tot hoerery en owerspel – pornografiese foto's, verhale, woorde, grappies. Die Heilige Gees lei niemand om onreinheid te pleeg nie.

Ongebondenheid dui om 'n mens wat al sy skaamte vir seksuele wandade oorboord gegooi het. Innerlik het hy niks meer wat hom terughou van sulke sondes nie en met sy ongebondenheid wil hy alles wat nog staan ook afbreek. Die Heilige Gees lei niemand om ongebonde te word nie.

Afgodery en towery is sondes wat met godsdiens te doen het. Uit Galasiërs het dit duidelik geword dat daar inderwaarheid net twee soorte godsdienste is. Die is godsdiens waarin die mens met sy eie prestasies sy god of vir God gunstig probeer stem. Die ander een is die ware godsdiens waarin die mens alleen op die genade van God staat maak om gered te word.

Afgodery is om naas God of in die plek van God iets of iemand anders te aanbid en te dien. Afgodery sluit in die maak van beelde wat dan aanbid word, soos wat dit gebeur het in Babilonië deur Nebukadnesar. Paulus skryf ook daarvan in Romeine 1. Maar dit is nie waar afgodery ophou nie. Enigiets of enigiemand anders waarop die mens sy vertrouwe stel in plaas van op God alleen, daardie ding of daardie mens is sy afgod. Die Heilige Gees lei nooit iemand tot afgodery nie.

Die woord wat ons met *towery* vertaal, is interessant. Die Griekse woord is *pharmakeia* waarvan ons woord farmaseuties vandaan kom. Dit het met middels te doen wat tot afhanklikheid kan lei. In die gewone taal dan dwelmmiddels. Dwelmmiddels is algemeen in gebruik gewees in die afgodery van die antieke wêreld. Vandag is dwelmmiddels algemeen in gebruik by sataniese rituele, orgies en in die seksbedryf van die wêreld. Die Heilige Gees sal niemand tot dwelm misbruik lei nie.

Nou kom Paulus by die interpersoonlike sondes en hy noem nege van hulle. Vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns en moord is alles dinge wat te make het met ons optrede teenoor ander mense. Ons verhouding met ander mense weerspieël hoe ons verhouding met God eintlik lyk, want 'n mens kan nie die tweede tafel van die Tien Gebooe van die eerste tafel losmaak nie.

Vyandskap of haat is die innerlike motivering hoekom 'n mens iemand anders lelik en sleg wil behandel, Net soos wat liefde die innerlike motivering behoort te wees hoekom 'n mens iemand anders goed sal behandel. Vyandskap is nie iets wat dadelik gesien word nie, maar dit is die dryfveer vir die manier hoekom mense hierdie ander sondes pleeg. Daar kan soveel wette wees as wat 'n mens kan maak, maar dit gaan nie hierdie gesindheid in die hart verander nie. Die Heilige Gees

alleenkan dit doen.

Twis is om met mekaar te wedywer op so 'n wyse dat jy die ander een te na kom deur hom sleg te sê of seer te maak. Mense met 'n twisgierige gees wil alewig in 'n argument met ander mense wees.

Jaloersheid in hierdie sin beteken om jaloers te wees oor wat iemand anders het of bereik het. 'n Jaloerse mens kan dit nie verdra dat iemand iets het of bereik het wat in sy oë beter as sy eie lyk nie.

Toornigheid is 'n gesindheid van iemand wat altyd aan die baklei is. Wanneer 'n mens met iemand te doen kry wat so 'n geaardheid het, is al die ander mense altyd in hulle pasoppens met wat hulle sê of doen, want iemand met 'n toornige geaardheid kan vir die geringste dingetjie uitbars in woede.

Naywer beskryf die gesindheid van iemand wat daarop uit is om iets te doen net omdat hyself iets daaruit gaan kry. So 'n mens dink net aan sy eie selfsugtige begeertes en ander mense se belange speel glad by hom 'n rol wanneer hy iets doen of nie doen nie.

Tweedrag is wanneer twee of meer mense hulleself in twee afsonderlike kampe bevind. Hierdie twee kampe staan nie langs mekaar nie, maar teenoor mekaar. In plaas daarvan dat hulle saamwerk tot een gemeenskaplike doel, is daar verdeeldheid tussen hulle.

Die woord wat ons met *partyskap* vertaal is dieselfde Griekse woord waarvan die Engelse woord *heresy* en in Afrikaanse *dwaling* vandaan kom. Aanvanklik het hierdie woord net 'n keuse aangedui – iemand kies. Mettertyd het dit iemand aangedui wat sy opinie of keuse op 'n verdelende wyse uitdruk. Vandag verstaan ons onder die woord iemand wat 'n verkeerde leer aanhang en verkondig. In hierdie lys sou 'n mens kon sê dat tweedrag wat gevestig geraak het tussen mense tot partyskap gelei het.

Afguns en jaloersheid grens aan mekaar. Iemand wat jaloers is, wil graag hê wat

iemand anders het. Afguns is net die bittere ontevredenheid omdat jy nie iets het wat iemand anders het nie. So 'n mens wil nie noodwendig hê wat die ander een het nie, hy is bloot net bitter omdat hy dit nie het nie.

Moord kom ook nie in oudste tekste van Galasiërs voor nie, maar daar is geen twyfel dat moord 'n werk van die vlees is nie. 'n Mens sou selfs kon sê dat moord die eindpunt is van al die voorafgaande werke van die vlees wat die interpersoonlike verhoudings skade aandoen. Aangesien die vlees teen die Gees is en die Gees teen die vlees, kan ons daarvan seker wees dat die Heilige Gees niemand ooit sal lei om een van hierdie nege dinge te doen nie.

Dronkenskap is nie alleen maar wanneer iemand as gevolg van te veel alkohol uiteindelik omgeval het en sy roes af slaap nie. Dronkenskap is die intensie om jouself oor te gee aan die drank met die bedoeling om te vergeet van jou sorges of bloot net om te dink dat jy gesellig sal wees. Deur dronkenskap verloor jy nie net jou skaamheid en teruggetrokkenheid nie, jy verloor jou geld, jou selfbeheersing en jou gesonde verstand.

Brassery is nie net om te veel te eet of om 'n lekker partytjie te hou nie. Brassery en dronkenskap gaan hand aan hand gewoonlik. Deur brassery word 'n mens 'n oorlas vir ander mense. Hierdie sonde word gewoonlik in 'n groep gedoen. Mense wat te veel eet en drink en dan met hulle besopenheid die strate in vaar met hulle geraas. Die Heilige Gees sal niemand lei om een van hierdie werke van die vlees te pleeg nie.

Soos reeds opgemerk is hierdie lys nie bedoel om al die werke van die vlees op te noem nie, maar om as 'n voorbeeld te dien. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die werke van die vlees nie net die handeling van die mens is wat teen die Gees in opstand is nie. Die werke van die vlees begin alreeds by die gedagtes van die mens. In Romeine 8 wys die Heilige Gees ons daarop dat die denke ook deur die vlees beheers kan wees: **Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook**

nie (Romeine 8:5-7 AFR53).

2. waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Paulus sê dit nou in hierdie brief voordat daar lidmate is wat hulle aan hierdie werke van die vlees skuldig maak of weer skuldig maak, soos toe hulle nog nie Christene was nie. Maar hierdie waarskuwing is nie 'n eenmalige waarskuwing nie. Paulus het hulle vroeër gewaarsku toe hy die eerste maal by hulle was.

Uit hierdie woorde kan ons aflei dat die onderrig aan nuwe lidmate in verband met die lewe wat pas by iemand wat deur Jesus verlos is, was konstant deel van die verkondiging van die evangelie van God se genade. Om die werke van die vlees te herken en daarvan weg te vlug, word gedoen uit dankbaarheid vir die verlossing en nie om die verlossing te verdien nie. Ons word immers net deur God se genade en Jesus se werk verlos en nie deur iets wat ons gedoen het, of doen, of belowe om te doen nie.

Beteken hierdie waarskuwing dan dat as 'n mens jou een maal skuldig gemaak het aan enige van die werke van die vlees dat jy nie die koninkryk van God sal beërf nie? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons eers behoorlik die sin ondersoek en na die konteks kyk.

Die vorm sowel as tydsvorm van die werkwoord wat ons vertaal met *doen* dui daarop dat dit nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar eerder 'n gewoonte handeling. Dit wil sê, as jou lewenstyl die werke van die vlees vertoon, kan jy nie die koninkryk beërf nie.

Paulus kom terug na die begrip van erf en erfgenaam wees. Die koninkryk van God is nie iets waarvoor 'n mens werk nie. Dit is 'n erfenis wat God net aan sy kinders toesê. En sy kinders is die nageslag van Abraham omdat hulle deur die geloof in Jesus Christus is. Deur die geloof steun hulle net op die volmaakte en voltooide werk van Jesus Christus.

Dit word baie duidelik gestel: iemand wat die werke van die vlees sy lewenstyl maak,

sal nie die koninkryk van God **beërf nie**. Dit klink hard, maar dink so daaraan: iemand wat die werke van die vlees sy lewenstyl maak, sê eintlik daarmee dat hy nie God se kind wil wees nie. Dus wil hy ook nie 'n erfgenaam van God wees nie.

Iemand wat egter die genade van God ontvang het se lewe sal verander word. Die Gees wat in hom teenwoordig is, is immers teen die vlees. Hierdie verandering vind nie eensklaps plaas nie, maar vind tog plaas. By sommiges is die verandering vinnig en by ander neem dit langer, maar daar is 'n verandering, want die verandering is onvermydelik.

Daarmee saam moet ook gesê word dat mense by wie die verandering al begin het ook nog geneig is tot die werke van die vlees. Die totale vernuwing van die mens wat in Christus is, vind nie in hierdie lewe plaas nie, maar dit loop in hierdie lewe op na die totale vernuwing in die ewigheid. Dawid en Petrus is voorbeelde van mense wat as gelowiges teruggeval het in die werke van die vlees. Hulle het dit egter nie gedoen om God te dwarsboom nie, maar uit swakheid van die vlees. Dit het die oortreding nie minder erg gemaak nie. Maar toe hulle op hulle sonde gewys is, het hulle nie hardnekkig daarin volhard nie, maar dadelik in berou gegaan oor die oortreding. Dit is immers die kenmerk van 'n ware gelowige – hy het van harte berou oor die sonde en hy soek sy vergifnis by God. Hy probeer nie nog sy optrede regverdig nie.

Die uiteindelik gevolg dan van iemand wat die werke van die vlees sy lewenstyl maak, is dat hy nie die koninkryk van God al beërf nie.

Die vrug van die Gees en die gevolg daarvan – vers 22 tot 26

1. Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Wanneer die Heilige Gees egter die beheer in 'n mens se lewe het en 'n mens wandel deur die Gees is daar 'n vrug wat na vore kom – die vrug van die Gees. Baie kommentare verdeel hierdie nege dele van die vrug van die Gees in drie dele, naamlik die eerste drie dele is meer gerig op God, die tweede drie dele is meer gerig op ander mense en die laaste drie dele is meer gerig op die gelowige self (Stott). Dit

is egter nie nodig om die nege dele van die vrug van die Gees so te verdeel nie, aangesien die Gees se beheer 'n mens se hele menswees behels in alle verhoudings.

Aangaande die begrip vrug is daar opmerklieke eienskappe:

- Vrug word nie deur werk verkry nie, maar deur wandeling deur die Gees
- Vrug is broos
- Vrug vermenigvuldig homself
- Vrug is aantreklik
- Vrug is voedsaam

Ons moenie die vrug van die Gees verwar met die gawes wat deur die Gees gegee word. Die Gees deel gawes uit soos wat God beskik het. Vir die een gee Hy die gawe van profesie en vir 'n ander die gawe van onderskeiding, ensovoorts. Elke lidmaat ontvang 'n gawe of 'n aantal gawes om in die liggaam van Christus aan te wend. Die vrug van die Gees is egter 'n vrug wat in elke gelowige teenwoordig behoort te wees. En na mate 'n mens groei in jou verhouding met die Here behoort hierdie vrug al duideliker na vore te kom. Dit is immers die vrug van die Gees wat die werke van die vlees kan onderdruk en uiteindelik tot niet maak.

Die eerste deel van die vrug van die Gees wat genoem word, is liefde. Luther het verstaan dat liefde die eintlike vrug van die Gees is en dat die ander agt sake wat hier genoem word uitdrukkings van liefde is – liefde in aksie. Dit is verstande dat hy so iets kon sê, aangesien liefde die grootste en belangrikste is (1 Kor 13). Dit is immers God se liefde vir die wêreld wat daartoe gelei het dat Hy sy enigste Seun gegee het. Die enigste rede waarom Christus Homself aan die kruis vir sy vyande geoffer het, is sy liefde vir hulle (Rom 5; Joh 15).

Maar wat word met liefde bedoel? Dit is alom bekend dat daar in Grieks verskeie woorde is wat ons met liefde vertaal. *Eros* is romantiese en passievolle liefde. *Philia* is die liefde wat 'n mens bewys teenoor vriende en familie. *Storge* is die sorgsame liefde wat 'n mens aan familie bewys. Maar die liefde wat hier genoem word, is *agape*. Dit is die liefde wat gegee word ondanks wat die ander een teenoor jou doen

en ongeag hoe die ander een daarop reageer. Dit is liefde wat nie gaan oor die gevoel in die hart nie, maar oor 'n bewustelike besluit wat geneem word. Daarom is hierdie liefde nie 'n spontane emosie wat in die hart op kom nie, maar 'n doelbewuste besluit wat uitgevoer word.

Dit is immers hierdie soort liefde wat God ten opsigte van die wêreld het wat Jesus tot uitvoer gebring het toe Hy Homself aan die kruis vir ons geoffer het. Hierdie soort liefde kan dan gedefinieer word as selfopofferende liefde.

Die volgende deel van die vrug van die Gees is blydskap. Een van die grootste propaganda strategieë is om mense te laat verstaan dat die ryk van die Satan die plek is waar jy blydskap gaan geniet terwyl die Koninkryk van God ellende en swaarkry is. Die ryk van die Satan lyk na die plek waar daar blydskap is, want die mens kan dadelik bevrediging kry van dit wat hy van nature wil doen. Maar op die lang duur kom die mens agter dat die Satan nie oor jou gepla is nie en jy moet alleen die gevolge van jou onmiddellike bevrediging dra. Die waarheid is egter dat die Gees blydskap voortbring (vgl. Rom 14:17).

Jesus Christus is hierin ook vir ons die voorbeeld. **Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het** (Hebreërs 12:1-2 AFR53).

Die vreugde wat aan Jesus voorgehou is – die vreugde van oorwinning oor die sonde, die dood en die Satan; die vreugde om sy Vader se wil te doen en baie kinders vir die heerlijkheid salig te maak – was die motivering waarom Hy die kruis gedra het. Hieruit kom 'n mens agter dat blydskap nie bepaal word deur 'n mens se omstandighede nie, maar deur God self. Hy is ons blydskap wat ons versterk (Neh 8:10). Dit is hierdie soort blydskap wat Jesus aan ons gee sodat ons blydskap volkome kan wees. Dit is hierdie blydskap wat veroorsaak het dat Paulus en Silas te midde van die boeie en seer lywe lofliedere in 'n donker sel in Filippi kon sing,

Hierdie blydskap kan onself nie voortbring nie, want dit is te diep en te groot. Net die Gees bring dit voort, daarom bly ons smekend by die Here dat die Gees ook hierdie deel van die vrug in ons sal laat groei.

Vervolgens is dit vrede. Weereens het hierdie deel van die vrug van die Gees niks met 'n mens se omstandighede te doen nie. Hierdie vrede sien in die eerste plek op die vrede tussen God en die mens. Omdat Jesus Christus die prys vir die mens se lewe betaal het en daar vergifnis vir die mens gekom het, is daar nou vrede tussen God en die mens. Hierdie vrede het tot gevolg dat daar ook vrede tussen mense kan wees.

Hierdie vrede het dus niks met 'n wapenstilstand te doen nie. 'n Wapenstilstand is op sy beste maar net tydelik. Vrede is permanent, want dit leef in die hart van die mens. Die gevolg van hierdie vrede is dat daar rustigheid en kalmte in 'n mens se hart heers. Dit maak nie saak hoe die omstandighede verloop nie, omdat jy weet dat daar tussen jou en God vrede is, weet jy ook dat die Here hierdie omstandighede tot jou beswil sal gebruik.

Dit is immers wat ons in Jesus se lewe op aarde opmerk. In daardie tyd toe Hy doodsbenoud was, het Hy sy kommer en sorg na sy Vader in gebed gebring in Getsemane. En God het Hom versterk sodat Hy tydens sy gevangeneming, verhoor en kruisiging kalm in beheer was. Die omstandighede was na menslike oordeel glad nie gunstig nie, maar die vrede het in Hom geheers omdat Hy geweet het dat God alles ten beste sal laat verloop.

Hierdie vrede is nie natuurlik aan ons nie. Angs en benoudheid is eerder ons gewone reaksies. Daarom word ons in Filippense 4 opgeroep om ons kommer en sorg in gebed na die Here te bring en vrede van God sal oor ons hart en gedagtes die wag hou. Dit is daardie kalm berusting in die wete dat God in volle beheer is van die omstandighede en ons kan as gelowiges rus in die Gees terwyl ons ons eie verantwoordelikheid nakom.

Die vierde deel van die vrug van die Gees is lankmoedigheid. Die woord wat ons met *lankmoedig* vertaal, kan ook met *geduld* vertaal word. Lankmoedigheid is een

van God se eienskappe (Ps 86:15). Die gedagte wat met lankmoedigheid oorgedra word, is *stadig om kwaad te word*. Dit is immers wat Paulus sê in 1 Timoteus 1: **Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe** (1 Timoteus 1:15-16 AFR53).

'n Mens wat deur die Gees wandel, kan dus liefde, vreugde en vrede beleef selfs wanneer ander mense jou lewe omkrap en die omstandighede vir jou onaangenaam maak, want deur die Gees is jy lankmoedig. Iemand wat lankmoedig is, word nie gou kwaad en neem nie die reg in eie hande nie. So iemand wag geduldig en verdra die onreg teen hom omdat hy weet dat die Here uiteindelik die wraak sal neem. Hy hoef nie self wraak te neem nie. Die Christen wat lankmoedig is omdat die Heilige Gees dit in hom laat groei, sal die duiwel laat moed opgee met sy aanhoudende aanvalle.

Die vyfde deel van die vrug is vriendelikheid. Vriendelikheid trek ander mense nader. Dit is weens die vriendelikheid van Jesus Christus onder andere dat mense graag om Hom saamgedrom het. Hy het nooit iemand weggewys nie. Dit is weens sy vriendelikheid dat selfs ma's dit gewaag het om hulle kinders na Hom te bring sodat Hy hulle kan seën.

Dit is weens die vriendelikheid van God dat mense, selfs wanneer hulle besef dat hulle sondaars is, tog waag om God te nader in gebed. Met vriendelikheid trek God en Jesus mense nader. Deur die werking van die Gees word vriendelikheid in Christene opgewek om mense nader aan die Here te trek.

Goedheid en vriendelikheid gaan hand aan hand. Goedheid dra ook die gedagte van oorfloed en mededeelsaamheid oor. Met sy vriendelikheid trek God en Christus mense nader, sodat hulle ook die goedheid van God mag beleef. Die mens wat deur die Gees wandel, sal ook 'n gesindheid van goedheid openbaar.

Getrouheid is eie aan God en Christus. God bly aan Homself en sy Woord getrou. Wanneer Hy beloftes maak, kan 'n mens daarvan seker wees dat Hy sy beloftes waar

sal maak. Dit is mense se ongeduld wat maak dat hulle dink dat God van sy beloftes vergeet het. Soos sy Vader is Christus ook getrou. Hy het belowe dat Hy weer na die aarde toe sal terugkom. Baie mense meen dit was maar 'n leë belofte, want daar gebeur dan niks nie (2 Pet 3). Maar dan openbaar hy vir ons in Openbaring 19 dat Hy kom en sy Naam is Trou Waaragtig.

Omdat die Gees ook hierdie deel van die vrug in ons laat groei, word ons opgeroep tot getrouheid in ons diens aan die Here en aan ander mense. Ongeag wat gebeur, moet ons getrou bly aan die Here. Mense moet Christene leer ken as betroubare mense wat hulle woord hou.

Die voorlaaste deel van die vrug is sagmoedigheid. Iemand wat sagmoedig is nie papperd oor wie almal na willekeur loop nie. Jesus het Homself sagmoedig genoem (Matt 11). En niemand het sommer bo oor Hom geloop nie. Sagmoedig is die teenoorgestelde van hoogmoedige bombasme. Iemand wat sagmoedig is, staan nie op sy regte nie en skouer nie sy pad oop om sy sin te kry nie.

Sagmoedig beteken dat jy jouself aan die wil van God onderwerp. Dit beteken ook dat jy nie altyd dink jy alleen is reg nie. Dit wil sê, jy laat jou onderrig. Daarom is jy dan ook iemand wat ander mense in ag neem. Die lewe draai nie om jou nie.

Die negende deel van die vrug van die Gees is selfbeheersing. Die wêreld weet van selfhandhawing en self laat geld, maar nie van selfbeheersing nie. Van nature is ons nie selfbeheersd nie. Ons wil ons sin hê en ons wil doen wat ons wil. Dit is deur die leiding van die Heilige Gees dat 'n mens leer wat selfbeheersing beteken. Iemand wat deur die Gees wandel en selfbeheersd word, laat nie toe dat sy emosies met hom oploop gaan nie. Hy laat ook nie toe dat sy gedagtes vrye teuels kry nie. Hy hou dit in beheer omdat hy met sy hele liggaam diensbaar aan God wil wees en Christus wil verheerlik.

2. Teen sulke dinge is die wet nie.

Die wet is immers gegee om die sonde in te perk. Maar die vrug van die Gees hoef nie ingeperk te word nie. Iemand wat die vrug van die Gees dra, word in werklikheid aangespoor om voort te gaan. Wie die vrug van die Gees dra, is besig om die wet te

vervul. Ons kom dus agter dat die Gees die wet deur middel van die vrug van die Gees die lewenstyl van die Christen gemaak het – 'n lewenstyl wat van binne uit die mens uit voortkom en nie meer van buite af op die mens afgedruk word nie.

Hierdie vers kan vertaal word soos hierbo. Maar dit kan ook soos volg vertaal word: *Teen sulke dinge is daar nie 'n wet nie.* Geen regering sal wette maak wat die vrug van die Gees verbied nie. Inteendeel, selfs onder die heidene word die dinge wat ons as die vrug van die Gees verstaan, aangeprys en mense word aangespoor om so te lewe.

3. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

Hierdie vers word dikwels misverstaan. Die kruisiging wat hier plaasvind, is nie iets aan ons gedoen word nie, maar iets wat deur ons gedoen word. Dit is die Christen self wat sy vlees gekruisig het. Wat ons in hierdie vers leer, is nie dieselfde onderrig as wat ons in Galasiërs 2:20 en Romeine 6:6 leer nie. In daardie verse word ons geleer dat ons deur middel van die geloof in Christus saam met Hom gekruisig is. Maar hier is dit onself wat optree – ons kruisig ons vlees. Dit is nie 'n afsterwe deur ons vereniging met Christus nie, maar ons wat doelbewus ons ou natuur doodmaak.

Paulus ontleen hierdie woorde aan dit wat Jesus gesê het. Elkeen wat Hom volg moet homself verloën, sy kruis opneem en Hom volg. Om jou kruis op te neem is om jouself te verloën. Soos 'n veroordeelde misdadiger moet ons ons kruis na die plek van teregstelling dra. Maar Paulus neem dit nou nog verder. Ons moenie net die kruis dra nie. Ons moet toesien dat die teregstelling plaasvind. Ons moet self ons ou mens met sy hartstogte en begeertes aan die kruis vasslaan, sodat hy kan sterf. Hierdie is die grafiese voorstelling van berou en bekering.

Paulus gebruik juis die woord kruisig en nie maar net doodmaak nie om sekere gedagtes oor te dra:

- Hierdie kruisiging moet meedoënloos en sonder enige gevoel van jammerte plaasvind.
- Hierdie kruisiging sal pynlik wees.
- Hierdie kruisiging moet beslissend wees.

Toe ons tot geloof in Christus gekom het en ons bekeer het, het ons ons vlees gekruisig. Ons moet nou ons vlees aan die kruis los, sodat hy nou finaal kan sterf. Die finale dood van ons vlees vind plaas wanneer onself ook sterf. Dit is 'n geleidelike proses en moet nie inmeng deur die vlees weer lewendig te wil maak nie.

4. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

Elke Christen het sy ou sondige natuur gekruisig die dag toe hy tot geloof in Jesus Christus gekom het. Die Heilige Gees het sy intrek in so 'n mens se lewe geneem. Daar het lewe in so 'n mens gekom. Daarom lê hy alles af wat die dood in hom saamdra. Hy los sy ou mens aan die kruis om uiteindelik heeltemal tot sterwe te kom.

Gevolglik lewe so 'n mens deur die Gees. Hy onderwerp homself aan die leiding van die Heilige Gees (Gal 5:18). Aan die voorskrifte en onderrig van die Gees is so 'n mens gehoorsaam. Maar die lewe van 'n Christen is nie om maar net passief aan die leiding van die Heilige Gees toe te gee nie. Omdat die Heilige Gees aan hom die lewe gegee het, kom sy eie wil en begeertes ook in beweging om deur die Gees te wandel.

In vers 16 is die Christene opgeroep om deur die Gees te wandel. Die woord wat ons daar vertaal met *wandel* is die gewone woord wat gebruik word om *loop* aan te dui. Dit word metafories gebruik om te lewe deur die Gees. Die woord wat ons in vers 25 met *wandel* vertaal, is 'n ander Griekse woord. Die woord dra die gedagte oor om in pas of in lyn met 'n riglyn of 'n maatstaf te loop. Die Heilige Gees is self die riglyn. Die Christen loop dus doelbewus en vasberade in lyn of in pas met die Heilige Gees.

5. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.

Die sondige geaardheid van die gelowige is inderdaad nog nie heeltemal dood nie. Selfs oor die goeie gehoorsame lewe kan die sondige geaardheid van die gelowige hom daartoe verlei om verwaand te word. Omdat hy dit uiteindelik regkry om in lyn met die Heilige Gees te lewe, kom hy tot die gevolgtrekking hy is reg en hy is seker daarvan. Dit is goed om seker te wees dat jy reg is omdat jy in lyn met die Heilige

Gees lewe. Maar nou gebeur dit dat 'n gelowige so oortuig raak dat hy reg is dat hy meen hy is altyd reg en ander mense is altyd verkeerd. Onder gelowiges kan so iets ramspoedig wees.

Wie so oortuig is dat hy altyd reg is, sal ander gelowiges verkeerd opvryf. So 'n gesindheid maak dat ander gelowiges geprovokeer word tot nydigheid omdat hulle as minderwaardige gelowiges uitgemaak word.

Verder lei so 'n oorversekerdheid daartoe dat die mens wat meen hy is altyd reg dat hy iemand anders beny wat in sy oë meer reg is as hy. Die sondige aard van die mens kan nie verdra dat iemand anders beter is as hy nie. Daarom kan beny lei tot verkleinering van iemand anders.

Dit is inderdaad nie ons omstandighede wat moet verander, sodat ons beter mense kan word nie. Dit is onself wat ons sondige aard moet afsterf en in lyn met die Gees wandel. Dan verander ons uitkyk op ander mense en op ons omstandighede.